
# CURRICULUM VITAE

## DR C.M. Cameron

**BVSc(Pret), DVSc(Pret), MSA(Pret)**



Vanjaar se Sir Arnold Theilergedenklesing word deur dr C M Cameron, Adjunk-direkteur-generaal van die Departement van Omgewingsake voorgedra. Na die verwerwing van sy BVSc-graad in 1959 het dr Cameron by die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde te Onderstepoort aangesluit. In 1974 is hy tot Assistent-direkteur en in 1982 tot Adjunk-direkteur van dié instituut bevorder. Vanaf 1969 tot 1973 het hy as Deeltydse Senior Lektor, Departement Infeksiesiektes, Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria diens gelewer. Hy is die outeur van 64 wetenskaplike publikasies.

In 1985 is dr Cameron as Hoofdirekteur, Forensiese en Navorsingsdienste van die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling aangestel. In 1991 is hy tot sy huidige posisie as Adjunk-direkteur-generaal, Departement van Omgewingsake bevorder en sal vanaf 1 Oktober 1992 as Direkteur- Generaal van die Departement oorneem.

Dr Cameron het sy professie op verskeie gebiede met lof gedien. Vanaf 1980 tot 1982 was hy President van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging. Hy was vanaf 1983 tot 1985 lid van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad. In 1979 was hy tot President van die Vereniging van Staatsamptenare van Suid-Afrika verkies, 'n amp wat hy tot 1990 bekleë het. Hy is tans lid van die Sentrale Raad van Mediese skemas, Raadslid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie en lid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap.

In 1992 het hy 'n Eretoekenning vir Buitengewone Diens van die Vereniging van Staatsamptenare ontvang.